

10 Januarie

Skrifgedeelte: Handeling 4:23-31

Fokusgedeelte: Handeling 4:24

Die Here het beheer oor alle dinge en alle gebeurtenisse

Petrus en Johannes genees 'n man wat van sy geboorte af lam was. Dadelik was daar teenstand van die Joodse leiers en hulle het Petrus en Johannes gevange geneem en ondervra. Daarna verkondig Petrus, vol van die Heilige Gees, dat die man in die Naam van Jesus Christus genees is. Hulle word egter verbied en gedreig om weer in die Naam van Jesus met iemand te praat. Omdat hierdie Joodse leiers besef het dat hulle geen saak teen Petrus en Johannes het nie, is hulle vrygelaat.

Petrus en Johannes het vir hulle medegelowiges vertel wat gebeur het en wat die Joodse leiers vir hulle gesê het. Uit dankbaarheid teenoor die Here bid hulle saam: "Here, dit is U wat hemel en die aarde en die see en alles wat daar is, gemaak het." Alles, die hemel, aarde, see, die hele skepping, bestaan omdat die Here die almagtige Skepper is. Die Here het beheer oor alle dinge en alle gebeurtenisse. Hy is ook hier, wanneer sy kinders gedreig en verbied word om die evangelie van Jesus Christus te verkondig, die Here wat alles beheer. Dis 'n wonderlike belydenis, wanneer die teenstanders van die Here dink dat hulle mag besit en beheer kan uitoefen om te keer dat die evangelie van Jesus Christus verkondig word. Hierdie Joodse leiers vergis hulle. Die Here as die Skepper het soveel meer mag as hulle. Die Here besit alle mag in die hemel en op die aarde.

In hulle gebed verklaar hulle verder wat hier gebeur het. Dawid het al daarvan gepraat in Psalm 2. Nasies staan op teen die Here en sy Gesalfde. Die Here lag egter oor al hulle bose planne. Die Here se verlossingsplan in Christus kan deur niemand gekeer word nie. Mense is magteloos om die werk van die kerk te stuit. Mense is magteloos om iets te doen wat nie volgens die plan van die Here is nie. Orals waar mense saamspan teen die gelowiges, lag die Here vir hulle. Daarom hoef ons nie in vrees te leef nie. Ons hoef nie terug te deins om met volle oortuiging en vertrouwe volgelingen van Jesus te wees nie.

Sing: Psalm 2:1

Ds. AF Berg (Pongola)